

22 September

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:8-20 (NAV)
Fokusgedeelte: Galasiërs 4:8-9

Vermy wettiese godsdienstige reëls

Paulus skryf hierdie brief aan die gemeentes in Galasië, gemeentes wat hy met sy eerste sendingreis besoek het (Hand. 14). Nou, 'n hele paar jaar later, verneem hy van 'n groot probleem in die gemeentes in Galasië: Nadat Paulus daar weg is, het daar ná hom dwaalleraars gekom wat verkondig het dat die redding nie deur die geloof in Christus alleen kom nie, maar dat hulle daarby ook nog hulle eie werke moes voeg. In hoofstuk 4 (saam met die res van die brief) hanteer Paulus juis hierdie saak. Hy verduidelik aan hulle dat die redding nie kom deur goeie werke nie, maar deur die geloof in Christus.

Hy sê in vers 8 dat hulle destyds, toe hulle God nog nie geken het nie, die afgode soos slawe gedien het. In kontras hiermee moet ons die *maar nou* van vers 9 (teenoor die *destyds* van vers 8) sien. Ons lees: “*Maar nou dat julle Hom leer ken het, hoe keer julle weer terug ... na daardie minderwaardige en armsalige, wettiese godsdienstige reëls ...?*” Die apostel is heeltemal verbysterd as hy hierdie vraag vra. Hoe is dit moontlik dat hulle weer die slawe van die wettiese godsdienstige reëls wil wees? Noudat hulle die evangelie van redding gehoor het deur die geloof in ons Here Jesus, hoekom wil hulle nou weer slawe van wettiese godsdienstige reëls wees?

Ons moet ook versigtig wees om nie in hierdie selfde dwaling van die Galasiërs te val nie. Ons kan nie tot ons redding bydra nie. Ons kan die Here nie help om ons te red nie. Hy red ons uit sy vrye genade. Selfs ons beste werke is nie goed genoeg nie. Die geloof in Christus *alleen*.

Ons moet ook versigtig wees om nie hierdie verkeerde evangelie wat die Galasiërs geglo het, te verkondig nie. Die evangelie wat ons uitdra, is nie 'n evangelie waarin ons goeie dade ons red nie, dis die een waar ons gered word slegs deur te *glo in ons Here Jesus Christus*. Die goeie dade doen ons uit dankbaarheid *omdat* ons gered is, maar nie *sodat* ons gered word nie.

Vermy daarom wettiese godsdienstige reëls. Ons word nie daardeur vrygespreek nie, maar deur die geloof in ons Here Jesus Christus!

Sing: Psalm 51:8 (1936)

Teol. Student Pieter le Roux